PRO-ED AKADEMIE SKOOLREËLS

Pro-Ed Akademie se skoolreëls is die uitvloeisel van samesprekings tussen personeel, leerders en Bestuursraad. Reëls van menige ander skole is in ag geneem met die opstel van hierdie reëls. Hierdie reëls is bindend op alle leerlinge van Pro-Ed Akademie, asook hul ouers/voogde. Die skoolreëls vorm die basis van die skool se dissiplinêre stelsel en kan na gelang van behoefte en omstandighede, gewysig en aangepas word.

1. Skooltye

Aanvang: 07h15 Hoërskool, 07h30 Laerskool : Maandag – Vrydag

Verdaag: Laerskool Graad 1 – 3 om 12h00, Graad 4 – 7 om 13h00 Ma. – Do.
Hoërskool om 13h40
Graad 4 – 12 verdaag Vrydae om 13h00

Getroue skoolbywoning moet vir elke Pro-Ed leerling belangrik wees. Ouers moet toesien dat leerlinge betyds by die skool afgelaai word. Sien ook punt 18 en 19.

'n Pro-Ed-leerling het respek vir goeie orde in die skool, daarom word stilte gehandhaaf tydens die daaglikse saalopening, Godsdiensopening, afsluiting en wanneer daar afkondigings gemaak word.

2. Skoolterrein

Die speellterrein word soos volg verdeel tussen die onderskeie grade: Graad 1 tot 3, Graad 4 tot 7 en Graad 8 en 9 en 10 tot 12. Die leerders mag nie in die klaskamers, by die fietsloods, die motors of motorfietse vertoef of speel nie. Geen leerders mag voor skool oorkant die pad speel nie. Geen leerders mag sonder toestemming op stoepe of klasse gedurende pouse of voor skool wees nie.

Geen spelery word in die toilette/kleedkamers toegelaat nie. Toilette moet altyd netjies gelaat word.

Geen gevaarlike speletjies, stampery, bakleiery en afknouery word toegelaat nie. Geen leerder mag die skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming van die skoolhoof verlaat nie. Geen balle mag op skoolterrein geskop word nie, slegs oorkant die pad.

3. Skooldrag

Die voorgeskrewe skooldrag moet gedra word – selfs na skool moet die leerders die uitnemende beeld van die skool uitdra. Tydens sportbyeenkomste moet slegs Pro-Ed Akademie se sportdrag gedra word. Die Pro-Ed sporthemp met 'n blou denim en sweetpaktop kan gedra word indien vooraf afgespreek en bevestig. Indien 'n leerder op grond van skoolddrag as 'n Pro-Ed leerling geïdentifiseer kan word, geld alle reëls op die skoolterrein en die openbaar.

Reëls rakende skooldrag

Laerskool (Graad 1 tot 7)

Pro-Ed sweetpak, Pro-Ed gholfhemp, Pro-Ed kortbroek/skort, swart tekkies (nie "sneakers"), swart/wit sokkies. (Gr 1 – 4 mag kaalvoet skool toe kom). Swart trui. Frokkies mag nie uitsteek by die gholfhemp nie.

Gr 5 - 7 (Opsioneel – voorgeskrewe skooldrag soos hierbo uiteengesit)

Wit hemp, Pro-Ed sweetpaktop of/en swart trui, seuns grys kort-/langbroek met swart gordel, meisies met swart kouse (dik kouse: "opaque tights"), swart skoolskoene (MET gespe) en grys sokkies.

Hoërskool (Graad 8 – 12)

Wit hemp met Pro-Ed skooldas, swart skoolbaadjie (blazer) met Pro-Ed wapen op sak, swart skoene sonder gespe (seuns) met grys sokkies, meisies skoolskoene met gespe en donkerswart sykouse/tights of wit sokkies gedurende die somer. Swart trui onder baadjie, seuns grys langbroek met swart gordel sonder opvallende gespe, meisies grys romp.

Sportdrag:

Pro-Ed sporthemp, Pro-Ed kortbroek/skort, Pro-Ed sweetpak. Slegs Pro-Ed pet of sporthoed mag gedra word. Dit word verkies dat leerlinge ook Pro-Ed sportklere dra tydens sport oefeninge (buitemuurs).

Addisioneel: Pro-Ed-serp of swart serp in die winter

4. Voorkoms van leerders

4.1 Dogters

Geen grimering of permanente grimering word toegelaat nie.

Juwele/Horlosies: Verkieslik geen sierhorlosies met krale wat soos ‘n armband lyk nie. (Ouers, hou dit asseblief in gedagte wanneer horlosies aangekoop word.) Slegs silwer of goud oorkrabbertjies - geen pêreltjies of steentjies nie. Knoppies met ‘n deursnee van tot 3mm. Klein ringetjies sonder enige iets wat daaraan hang, waarvan die binnedeursnee nie 1cm oorskry nie en die ringetjie nie dikker as 2mm is nie. Slegs een oorkrabbertjie per oor net in die onderste gaatjie.

Geen hangertjies, tongringe, neusringe, armbande, haarrekkies om arms of rekke met enige inskripsie of ring word toegelaat nie.

Naels moet netjies en uniform-vriendelik wees. Kleurlose naelversterking mag gedra word in die hoërskool. Wanneer ‘n dogter haar hande vertikaal hou, mag haar naels nie vanaf die palmkant gesien word nie. ‘n Dogter moet trots wees op haar hande se voorkoms.

Hare moet vasgemaak word as dit oor die onderste ronding van die hempskraag hang. Hare moet gekam word voordat dit vasgemaak word. Geen slierte mag voor die ore of van die kuif af, in die gesig, oor die wenkbroue hang nie. Alle knippies of hulpmiddels mag net swart wees. Geen versierde haarknippies. Hare mag nie gekleur word nie. Slegs graad 11 en 12 meisies mag hulle hare een skakering ligter of donkerder kleur.

Geen “vreemde” of onkonvensionele haarstyle soos “step” of “mohawk” word toegelaat nie. Onkonvensioneel word in die oordeel van die hoof gelaat. Hare moet netjies gekam wees. Geen jel of iets soortgelyks mag gebruik word nie.

Informele drag: Geen onderklere mag enigsins uitsteek of wys nie. Geen “spaghetti” tops vir meisies nie. Middellyf mag glad nie uitsteek nie. Geen kortbroeke (“eina”- of “sjoe”-broekies) vir meisies nie en rompies op normale skoolromp-lengte.

Asseblief nie swart onderklere onder die wit skoolhemp nie.

Goeie smaak moet te alle tye gehandhaaf word. Geen spanbroeke (“tights”) word toegelaat nie.

Gewone reëls geld ten opsigte van hare – langer hare wat op die kraag hang moet netjies vasgemaak wees.

Geen SIGBARE tatoeëring / graffiti nie.

4.2 Seuns

Seuns se hare moet aan die volgende voorskrifte voldoen:

Wanneer die hare afgekam word: Kante mag nie oor die ore hang nie; voor, twee vingerbreedtes bokant wenkbroue en agter, paslike lengte, mag nie aan die kraag raak nie.

Geen “vreemde” of onkonvensionele haarstyle soos “step” of “mohawk” word toegelaat nie. Onkonvensioneel word in die oordeel van die hoof gelaat. Hare moet netjies gekam wees. Geen jel of iets soortgelyks mag gebruik word nie.

Geen stoppelbaarde word toegelaat nie. Seuns moet ten alle tye gladgeskeer wees, insluitend die snorbaarde.

Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oorgat gedra word nie en moet kort gesny wees.

Geen juwele soos ringe, oorbelle, tongringe, neusringe, armbande (rekkies of leer) en/of kettinkies word nie toegelaat nie. Dit sal gekonfiskeer word.

Geen tatoeëring/graffiti op liggame word toelaatbaar nie.

5. Gedrag

Daar word verwag dat leerders altyd goedgemanierd en hoflik sal optree teenoor mekaar, teenoor personeel, teenoor besoekers en teenoor die publiek. Arrogansie en teëpratery sal nie geduld word nie. Die reëls geld ook op die sportveld en in die openbaar.

Moet nie met hande in die sakke praat as jy aangespreek word nie. Mag nie vuil- of skeltaal gebruik nie.

Mag nie hande vashou of soen op skoolgronde of in skooluniform nie.

‘n Pro-Ed-leerder maak hom ook nie skuldig aan leuens en bedrog nie.

Geen satanistiese of okkultiese bedrywighede word in Pro-Ed toegelaat nie.

Enige leerling wat in ‘n hof skuldig bevind word aan ‘n kriminele oortreding sal gevra word om die skool te verlaat.

6. Elektroniese apparaat

Die gebruik van elektroniese toebehore soos I-Pods en MP3's en enige ander digitale apparaat maak inbreuk op die leeratmosfeer. Sodanige apparaat mag slegs buite skoolure of in opdrag en toestemming van die onderwyser gebruik word.

7. Selfoongebruik

Die skool erken dat selfone vandag 'n belangrike vorm van kommunikasie is. Dit is ongelukkig so dat die misbruik daarvan lei tot sosiale, etiese en veiligheidsprobleme.

Leerlinge mag nie in besit van 'n selfoon wees tydens skoolure nie en dan ook om die volgende redes:

- Selfone kan gesteel word.
- Selfone kan gebruik word om bedrog te pleeg tydens toetse of eksamens.
- Selfone het baie funksies wat die aandag aflei van die akademiese omgewing.
- Selfone laat leerlinge toe tot onwelvoeglike webtuistes.
- Selfone het persoonlike informasie op wat na ongewenste persone versprei kan word.

Pro-Ed Akademie en personeel kan nie verantwoordelik gehou word vir die verlies van 'n selfoon by die skool nie.

'n Selfoon wat in 'n klas of op die speelgrond gekonfiskeer word, sal in 'n register opgeteken word, in 'n koevert met die nodige besonderhede daarop geplaas word en vir die res van die termyn in die kluis gestoor word.

8. Beweging

Leerders beweeg vroegtydig na die vierkant en waneer die klok lui, word onmiddellik met die opening of afkondigings begin. Skooltasse moet by die registerklas geplaas word alvorens daar na die vierkant toe beweeg word.

Klaswisseling : Leerders beweeg flink en vining tydens klaswisseling. Hou links en tasse weg van die muur af.

Skaatsplanke : Geen skaatsplanke word op die terrein toegelaat nie, selfs nie oor naweke nie.

9. Kougom

Die kou van kougom is verbode.

10. Rook

Leerders wat rook, ondermyn hulle gesondheid en sal swaar gestraf word indien hulle betrap word. Leerders mag nie in besit wees van vuurhoutjies, aanstekers, sigarette of rookmateriaal nie. Mag nie rook in skooluniform nie.

11. Handboeke

Elke leerling moet sy/haar eie handboeke soos deur die personeel voorgeskryf, besit. Handboeke moet verkieslik met kleef-, sowel as sterk plastiek oorgetrek word. Skryfboeke moet met papier en plastiek oorgetrek word of soos deur die onderwyser versoek. 'n Pro-Ed-leerling wil graag trots wees op sy boeke. Indien handboeke verlore/gesteel raak, sal daar van die leerling verwag word om die handboek te betaal. Dieselfde reëls is van toepassing op biblioteekboeke.

12. Tasse

Skooltasse moet van'n versterking voorsien wees – seilsakke word nie togelaat nie. Niks behalwe die leerder se naam mag op die tas geskryf, geverf of geplak wees nie.

13. Motors en motorfietse

Slegs leerders met rybewyse mag die skool met 'n motor of motorfiets besoek. Leerders parkeer slegs op afgebakende gebied, met toestemming van die hoof. Motorfietse moet op die afgebakende gebied daarvoor gereserveer parkeer, ook na skoolure. Onder geen omstandighede mag motorfietse op stoepe beweeg of parkeer word nie. Hoflikheid, versigtigheid en toepassing van verkeersreëls is noodsaaklik.

14. Diefstal

Elke leerder moet alles in sy vermoë doen om behulpsaaam te wees met die uitroei van hierdie euwel. Die skool kan ongelukkig nie aanspreeklik gehou word vir enige verliese nie. Alle kledingstukke moet duidelik gemerk word. Dit is verbode om iets van iemand te neem sonder sy toestemming.

15. Vandalisme

Geen krappery op banke, mure of ander plekke of strooi van rommel word toegelaat nie. Ons versoek leerders om vandalisme te bekamp aangesien die infrastruktuur deur die ouers met skoolgelde onderhou word.

16. Toesluitkassies

Toesluitkassies is beskikbaar op die Riverside perseel. Leerlinge kan ‘n kassie bekom teen ‘n minimale bedrag per jaar betaalbaar by die Finansies kantoor. Leerlinge moet hul eie slot voorsien en items word op eie risiko gestoor.

17. Dwelms/Drank

Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan die gebruik, misbruik, in besit van dwelms/alkohol op die skoolterrein en/of tydens enige amptelike uitstappie/toer/kamp/byeenkoms, sal voor ‘n dissiplinêre komitee van die skool gedaag word en gestraf word volgens die skool se dissiplinêre kode.

18. Afwesigheid

Indien ‘n leerder afwesig is as gevolg van siekte moet die ouer die skool telefonies of per e-pos laat weet. Na twee dae se afwesigheid of afwesigheid tydens ‘n toets of eksamen moet ‘n doktersertifikaat ingehandig word. Indien ‘n leerder ‘n gedeelte van ‘n dag of tydperk nie in die skool gaan wees nie, moet dit ten minste ‘n dag vooraf skriftelik gereël word met die skoolhoof of departementshoof. Afsprake met dokters, tandartse en lisensies moet verkieslik nie in die oggend gemaak word nie. Geen leerder mag tydens die skooldag of deelname aan skoolaktiwiteite betrokke wees by enige ander aktiwiteite wat nie deel vorm van die skool se bedrywighede nie.

Periode-afwesigheid: Daar word tydens elke periode register gehou om periode-afwesigheid te kontroleer. Indien ‘n leerder nie in die klas is nie, word dit aangeteken en die ouer word in kennis gestel om die periode afwesigheid te bevestig.

19. Siekte tydens skoolure

Geen leerders mag van die publieke telefoon of selfoon af bel indien hy/sy siek word gedurende skoolure nie. Indien ‘n leerder tydens die dag siek word, moet hy/sy ‘n groen briefie by die sekretaresse kom afhaal wat dan ook die ouer/voog in kennis stel. Toestemming moet by die graadhoof verkry word. Leerders moet deur die ouers by die kantoor afgehaal word.

20. Afsprake gedurende skooltye

Leerders mag by die hoogste uitsondering toestemming kry om afsprake gedurende skooltye na te kom.

‘n Brief van die ouer/voog moet gedurende registerperiode aan die graadhoof gegee word om toestemming te verleen.

‘n Leerder moet voor sy/hy die skool verlaat, die toestemmingsbrief deur vakonderwysers laat teken en dit by ontvangs ingee. Ouers moet vooraf ‘n tyd met die kind afspreek en hom/haar by ONTVANGS uitteken. Dit is veral belangrik by die Laerskool perseel – ouers moet asseblief leerlinge by die Ontvang afhaal tydens skoolure.

‘n Leerder moet tot eerste pouse by die skool wees om teenwoordig gemerk te word.

21. Dra van onwettige juwele

Indien ‘n leerder skuldig is aan die dra van verbode juwele, word dit gekonfiskeer en ‘n vorm voltooi, ‘n bewys aan die leerder uitgereik. Dit word volgens voorskrif in ‘n koevert geplaas en by die kluis ingehandig en die leerder kan dit eers aan die einde van ‘n kwartaal by die algemene kantoor afhaal.

22. Teistering / pornografie / haatspraak / viktimisering

Leerders wat betrokke is by onwelvoeglike materiaal (in enige formaat) of gedrag wat aanstoot gee, sal swaar gestraf word. Leerlinge moet hulle daarvan weerhou om ander te viktimiseer, te teister of enige haatspraak teen mede-skoliere.

23. Skoolverlaters

Indien ‘n leerling die skool gaan verlaat, moet die ouers die skool so gou as moontlik skriftelik in kennis stel. Waar leerlinge die akademiese jaar voltooi (einde November), is skoolfonds steeds vir Desember betaalbaar.

24. Algemeen

Die skool is ‘n geordende gemeenskap en tree gedissiplineerd op – dit is bevordelik vir prestasie. Die beste dissipline is selfdissipline en daarom streef ons tot ons eie voordeel en tot voordeel van mekaar altyd daarna. Die samewerking van elke leerder, ouer en onderwyser word versoek. Weiering of versuim om hom/haar onderhewig te maak aan die bepalings van hierdie gedragskode of die skool se dissiplinêre proses kan lei tot uitsetting uit die skool.